




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Sosiale Wetenskappe– Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:

4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2:

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

Veranderende vastelande


'n Vasteland verskil van 'n eiland of 'n skiereiland vanweë sy grootte, geologiese struktuur en ontwikkeling.

Onder die oseane bestaan die kors uit 'n enkellaag donker basaltiese rots wat uit minerale bestaan. Op die vastelande is hierdie laag begrawe onder 'n baie dikker laag ligter-gekleurde, minder digte rotse wat bestaan uit alumina silikaat minerale.

Gedurende die 1960s het geoloë geteoretiseer dat die vastelande **dryf** en **reis**. Die bestudering van vastelandskuiwing word **plaattektoniek** genoem. Toe hulle die rigtings waarin die vastelande beweeg **karteer**, het geoloë ontdek dat die aardkors en boonste mantel ook verdeel is in 'n aantal half-onbuigsame plate. Elke plaat het grense en beweeg as 'n eenheid. Sommige van hierdie tektoniese plate, soos die Stille Oseaan-plaat bestaan amper in geheel uit oseaankors; ander, soos die Noord-Amerikaanse en Eurasiese plate bestaan meesal uit vastelandkors.

Plate se grense is gewoonlik geleë in die middel van die oseaan of naby die kuslyn, maar op 'n paar plekke verrys dit vanaf die seabodem en strek uit oor droë grond. Wes-Kalifornië, waar die San Andreasfout geleë is, wat geneig is tot aardbewings, is die grens tussen die Stille Oseaan en Noord-Amerikaanse plate en is een van hierdie plekke.

Die land-see patrone van vandag het oor honderde miljoene jare **evolueer** (ontwikkel) en gedurende hierdie tyd het die landmassas gedryf, is deur botsings verenig, dan weer uitmeekaargeskeur en herverenig. Droë grond sal aanhou verander solank as die planeet die hitte-energie bevat om die beweging van die korsplate voort te stu.



1. Watter van die volgende is in die korrekte volgorde van grootste tot kleinste?

- (a) Afrika, Noord-Amerika, Antarktika, Europa
- (b) Afrika, Antarktika, Europa, Noord-Amerika
- (c) Europa, Antarktika, Afrika, Noord-Amerika
- (d) Antarktika, Europa, Afrika, Noord-Amerika

2. Watter persentasie verteenwoordig die totale gebied van die aarde wat deur die vastelande opgeneem word (uitsluitend die vastelandsplatte)?

- (a) 75% (b) 50% (c) 45% (d) 25%

3. Waar is die meeste vastelandsmassas geleë?

- (a) Suid van die ewenaar. (b) Noord van die ewenaar.
- (c) Wes van die Greenwichmeridiaan. (d) Oos van die Greenwichmeridiaan.

4. Wat leer ons omtrent die kors op die vastelande?

- (a) Die digtheid is minder as die oseaan se kors.
- (b) Die digtheid is meer as die oseaan se kors.
- (c) Hulle het soortgelyke digthede.
- (d) Nie een van hierdie keuses is korrek nie.

5. Weens die struktuur van die vastelande se kors; wat gebeur met hierdie kors?

- (a) Dit sal sink. (b) Dit sal styg. (c) Dit sal dryf. (d) Dit sal in dieselfde posisie bly.

